

# Rapporteringshandleiding vir

# Produkklimaatsvoetsp oor (PKV)

Verantwoordelik Volhoubaarheid & Gesondheid	Resoluut en geldig vanaf 2025-03-10	Laas hersien 2025-03-28	Weergawenommer 1.1
---	--	----------------------------	-----------------------

1. Inleiding .....	3
1.1 Doel van die rapporteringshandleiding .....	3
1.2 Weergawebestuur van die rapporteringshandleiding .....	3
1.2.1 Hersienings aangaande weergawe 1.1 .....	3
2. Wie kan en moet rapporteer.....	4
2.1. Rapporteringsverantwoordelikheid .....	4
2.2 Verpligte en vrywillige rapportering.....	4
3. Vereistes aangaande aktiwiteitsdata .....	5
3.1 Vereistes aangaande aktiwiteitsdata binne kultivering .....	5
3.1.1 Vereistes aangaande soort grondstof.....	5
3.1.2 Vereistes aangaande grondstofhoeveelhede .....	5
3.2 Vereistes aangaande aktiwiteitsdata binne verpakking .....	6
3.3 Datapunte.....	6
3.4 Vereistes vir goedgekeurde rapportering .....	6
3.5 Gevolge van onvolledige of ontbrekende rapportering.....	6
Bylae 1 Selekeringsstrategie vir implementering.....	7
Bylae 2 Datapunte .....	8

Verantwoordelik Volhoubaarheid & Gesondheid	Resoluut en geldig vanaf 2025-03-10	Laas hersien 2025-03-28	Weergawenommer 1.1
---	--	----------------------------	-----------------------

# 1. Inleiding

## 1.1 DOEL VAN DIE RAPPORTERINGSHANDLEIDING

Hierdie dokument is 'n handleiding vir rapportering van aktiwiteitsdata wat verband hou met die **Produkkoolstofvoetspoor – PKV**. Die doel van die rapporteringshandleiding is om duidelikheid te skep oor wie verslag moet lewer en watter data gerapporteer moet word.

In hierdie dokument sal jy antwoorde vind op die volgende vrae:

- **Wie kan en moet verslag doen:**  
'n Beskrywing van wie die geleentheid het om aktiwiteitsdata te rapporteer en wanneer rapportering verpligtend of vrywillig is.
- **Vereistes aangaande aktiwiteitsdata:**  
Verduidelik watter gedeeltes – kultivering, produksie, verpakking en vervoer – verpligtend of vrywillig is en watter data gerapporteer moet word.
- **Vereistes vir goedgekeurde rapportering:**  
'n Beskrywing van die vereistes vir goedgekeurde rapportering.
- **Selekteringstrategie:**  
Verduidelik die beginsels van hoe produkte gekies word vir die implementering van die rapporteringsprosedure, insluitend indeling onder verskillende produkkategorieë.

## 1.2 WEERGAWEBESTUUR VAN DIE RAPPORTERINGSHANDLEIDING

Die rapporteringshandleiding aangaande rapportering van die produkkoolstofvoetspoor (PKV) is ontwerp om in die aanvanklike proeffase en daaropvolgende uitlofases gebruik te word. Die doel van stap-vir-stapimplementering is om stelsels en prosesse te toets en te verbeter. Die rapporteringshandleiding kan dus bygewerk word, indien nodig, met duidelike inligting oor die veranderings wat aangebring is.

### 1.2.1 Hersienings aangaande weergawe 1.1

Die hersienings hier onder is aangebring (sien teks in rooi).

- Verduideliking aangaande rapporteringsomvang; die minimum vereistes vir PKV.
- Verduideliking aangaande datapunt "Bestanddele".
- Verduideliking aangaande datapunt "Verpakkingsvolume".
- Verduideliking aangaande datapunt "Vervoerroete".
- Is verander van groen elektrisiteit na hernubare elektrisiteit.

Verantwoordelik Volhoubaarheid & Gesondheid	Resoluut en geldig vanaf 2025-03-10	Laas hersien 2025-03-28	Weergawenommer 1.1
---	--	----------------------------	-----------------------

## 2. Wie kan en moet rapporteer

Die geleentheid om aktiwiteitsdata te rapporteer, sluit alle rolspelers in wat deel van die produkvoorsieningsketting in Systembolaget se reeks is. Die rapportering is verpligtend of vrywillig afhangend van watter deel van die produk se koolstofvoetspoor ter sprake is – kultivering, produksie, verpakking of vervoer – en op grond van produkseleksie (sien Bylae 1).

### 2.1. RAPPORTERINGSVERANTWOORDELIKHEID

Elkeen wat 'n produk in Systembolaget se reeks het, het die geleentheid om aktiwiteitsdata te rapporteer. Dit sluit in:

- Verskaffers
- Produsente
- Verbouers
- Verpakkingsprodusente
- Vragryers

'n Rolspeler kan veelvuldige rolle speel; hulle kan byvoorbeeld die drankieprodusent sowel as die grondstofverbouer daarvan wees. Die verskaffer is op die lange duur verantwoordelik vir die rapportering van alle data. Die verskaffer kan ander rolspelers in die voorsieningsketting magtig sodat hulle direk kan rapporteer. Die verskaffer gee die finale goedkeuring in samehang met die rapportering van die saamgevoegde data.

### 2.2 VERPLIGTE EN VRYWILLIGE RAPPORTERING

Die rapportering word in twee kategorieë verdeel:

#### **Verpligte rapportering:**

Produkte word geselekteer volgens die vasgestelde selekteringstrategie – sien Bylae 1. Die rolspelers, wat onderhewig is aan vereistes, kry instruksies oor watter dele om te rapporteer asook die rapporteringspertye.

#### **Vrywillige rapportering:**

Ná die aanvanklike proeffase, word geleentheid gebied om verslag te doen oor ekstra produkte (bo en behalwe dié wat geselekteer was), d.w.s. rolspelers en produkte wat nie onderhewig is aan verpligte rapportering nie kry die geleentheid om vrywillig aan data-insameling deel te neem. Vrywillige rapportering word aangemoedig want dit help om 'n vollediger prentjie van die produkte se koolstofvoetspoor te skep.

Verantwoordelik Volhoubaarheid & Gesondheid	Resoluut en geldig vanaf 2025-03-10	Laas hersien 2025-03-28	Weergawenommer 1.1
---	--	----------------------------	-----------------------

### 3. Vereistes aangaande aktiwiteitsdata

Die dele van die produk se koolstofvoetspoor waarvoor aktiwiteitsdata gerapporteer kan word, is:

- Kultivering
- Produksie
- Verpakking
- Vervoer

Om 'n PKV te bereken, moet aktiwiteitsdata oor die volgende gerapporteer word:

- **Kultivering** (gedetailleerde vereistes word in afdeling 3.1 gespesifiseer)
- **Produksie**
- **Verpakking** (gedetailleerde vereistes word in afdeling 3.2 gespesifiseer)

**Rapportering oor aktiwiteitsdata rakende vervoer is aanvanklik vrywillig.**

Systembolaget verwelkom en moedig vrywillige rapportering van aktiwiteitsdata aangaande alle dele van die produk se koolstofvoetspoor aan **asook meer gedetailleerde rapportering as wat minimumvereistes vir die berekening van 'n PKV is**. Dis sodat alle aspekte van die rapporteringsproses geëvalueer kan word en om kennis en begrip te verhoog van hoe verskillende dele van die waardeketting tot die produk se koolstofvoetspoor bydra. Soos wat kennis toeneem en pogings as aanneemlik beskou word, kan die rapporteringsvereistes verander.

#### 3.1 VEREISTES AANGAANDE AKTIWITEITSDATA BINNE KULTIVERING

Binne kultivering is die vereistes vir rapportering van aktiwiteitsdata soos volg:

##### 3.1.1 Vereistes aangaande soort grondstof

'n Drankie kan uit een of meer landboukundige grondstowwe bestaan. Hier onder is die landboukundige grondstowwe waarvoor aktiwiteitsdata gerapporteer moet word per drankiekategorie:

- Wyn: Druive
- Bier: Hops en die spesifieke graan wat die oorsprong van die mout is, soos gars, rog of koring
- Sterk drank: Die landboukundige grondstof wat die oorsprong van die alkohol is, soos suikerriet, agawe, gars of aartappels
- Sider: Die vrugte, soos appels of pere
- Mengeldrankies: Die landboukundige grondstowwe wat die oorsprong van die alkohol is, d.w.s. sterk drank, vrugtewyn of moutdrankies (sien definisies hier bo)

##### 3.1.2 Vereistes aangaande grondstofhoeveelhede

- Indien die produsent hul eie verbouing het, moet hul aktiwiteitsdata gerapporteer word.

Verantwoordelik Volhoubaarheid & Gesondheid	Resoluut en geldig vanaf 2025-03-10	Laas hersien 2025-03-28	Weergawenommer 1.1
---	--	----------------------------	-----------------------

- Aktiwiteitsdata oor die drie grootste verbouers (of dit nou eie verbouing of die aankoop van grondstowwe is) moet gerapporteer word op voorwaarde dat dit 50% of meer van die totale volume van grondstowwe in die produk uitmaak.

### **Riglyne aangaande vrywillige rapportering oor 'n groot aantal verbouers**

Dis moontlik en word ook aangemoedig om aktiwiteitsdata aangaande alle bydraende verbouers te rapporteer, d.w.s. ekstra verbouers wat nie deur vereiste 3.1.2 gedek word nie. Indien daar egter ekstra aktiwiteitsdata van veelvuldige verbouers verlang word, maar dis nie moontlik om oor almal te rapporteer nie, moet 'n verteenwoordigende seleksie van verbouers gemaak word. Die seleksie moet 'n gemiddeld vir die hele groep verteenwoordig aangaande omstandighede wat 'n impak op die klimaat het. Die aantal verbouers moet ooreenstem met die vierkantswortel van die totale aantal verbouers, maar 'n maksimum van tien wees, om statistiese beduidenheid te verseker.

### **3.2 VEREISTES AANGAANDE AKTIWITEITSDATA BINNE VERPAKKING**

Binne verpakking is die vereistes vir rapportering oor aktiwiteitsdata soos volg:

- Soort verpakking
- Volume
- Gewig van verpakking
- Gewig van inhoud

### **3.3 DATAPUNTE**

Alle datapunte waarvoor dit moontlik is om aktiwiteitsdata te rapporteer, kan in Bylae 2 gevind word. Dis verdeel volgens die dele van die produk se koolstofvoetspoor – kultivering, produksie, verpakking en vervoer.

### **3.4 VEREISTES VIR GOEDGEKEURDE RAPPORTERING**

Om 'n PKV te genereer, moet daar aan die volgende vereistes voldoen word om die rapportering as goedgekeur te beskou:

- **Volledige rapportering:**  
Daar moet gerapporteer word oor die vereiste dele.
- **Omvattende rapportering:**  
Rapportering van aktiwiteitsdata vir individuele datapunte binne 'n gedeelte, soos produksie, is ontoelaatbaar. Dis omdat daar 'n korrelasie is tussen die hoeveelhede wat verbruik word ten opsigte van die verskillende datapunte. Die hele prentjie is dus belangrik vir vergelykbaarheid tussen produkte.
- **Rapportering volgens spertye:**  
Rapportering vind plaas volgens 'n uitrolplan wat afsonderlik gekommunikeer word.

### **3.5 GEVOLGE VAN ONVOLLEDIGE OF ONTBREKENDE RAPPORTERING**

In die afwesigheid van gerapporteerde aktiwiteitsdata vir 'n produk word die PKV-waarde op verstekdata gebaseer.

Verantwoordelik Volhoubaarheid & Gesondheid	Resoluut en geldig vanaf 2025-03-10	Laas hersien 2025-03-28	Weergawenommer 1.1
---	--	----------------------------	-----------------------

# Bylae 1 Selekeringstrategie vir implementering

Die doel van die selekeringstrategie vir die produkte gedurende die implementering van die PKV-rapporteringsprosedure is om 'n groot deel van Systembolaget se verkoopsvolume in te sluit terwyl die breedte van Systembolaget se reeks weerspieël word.

## Indeling onder hoofkategorieë:

Die selekering op hoofkategorievlak berus op die verkoopsvolumes van die kategorieë in die vaste reeks en die klimaatsimpak (gebaseer op verstekwaardes) van elke kategorie. Dit lei tot die volgende indeling vir die selekering van produkte gedurende die implementeringsfase:

- Sterk drank: 16%
- Wyn: 41%
- Bier en mengedrankies: 43%

## Selekeringsbeginsel binne elke kategorie:

Binne elke hoofkategorie word produkte in volgorde, gebaseer op verkoopsvolume, geselekteer:

1. Die grootste produk in die grootste segment word eerste gekies.
2. Daarna volg die grootste produk in die tweede grootste segment.
3. Die proses duur voort totdat alle segmente gedek is en die aantal produkte bereik is wat vooraf in elke deel van die proef- en uitrolfase bepaal is.

Verantwoordelik Volhoubaarheid & Gesondheid	Resoluut en geldig vanaf 2025-03-10	Laas hersien 2025-03-28	Weergawenommer 1.1
---	--	----------------------------	-----------------------

## Bylae 2 Datapunte

DATAPUNTE	INSETTE	OPMERKINGS
<b>KULTIVERING</b>		
Land van kultivering		
Grondstof		
Opbrengrs	t/ha/jr (afgelope 3 jaar)	
Brandstof vir masjinerie	l/ha/jr	
Brandstof vir besproeiing	l/ha/jr	
Elektrisiteitsgebruik	kWh/ha/jr	
Kunsmisstowwe	Eenheid wissel afhangend van soort kunsmis kg N/ha/jr kg p205/ha/jr kg k2O/ha/jr	Moontlikheid om verskillende vlakke van gedetailleerde aktiwiteitsdata te rapporteer. Of 'n spesifieke kunsmis word gekies <b>óf</b> verskeie komponente en hul verhoudings in die kunsmis word gespesifiseer.
Plaagdoders	kg/ha/jr	Moontlikheid om verskillende vlakke van gedetailleerde aktiwiteitsdata te rapporteer. Spesifieke soort plaagdoder, plaagdoderkategorie, konsentrasie van aktiewe middel.
Kalk	kg/ha/jr	
Dolomiet	kg/ha/jr	
<b>PRODUKSIE</b>		
Land van produksie		
Bestanddele	<b>Hoofbestanddeel, ander bestanddele en bymiddels</b>  <b>kg van bestanddeel/kg van voltooide produk</b>	

Verantwoordelik Volhoubaarheid & Gesondheid	Resoluut en geldig vanaf 2025-03-10	Laas hersien 2025-03-28	Weergawenommer 1.1
---	--	----------------------------	-----------------------

Energiegebruik vir verwerking van grondstof <i>bv. die persing van druiwe, moutery van grane, verhitting en fermentasie</i>	<p>Soort energie: Elektrisiteit, <b>hernubare</b> elektrisiteit, hittenetwerk, stoomnetwerk, aardgas, biogas, diesel, biodiesel, stoom, industriële verhittingsolie</p> <p>Eenheid wissel afhangend van soort energie kWh/kg van voltooide produk l/kg van voltooide produk</p>	
Ander energiegebruik	<p>Soort energie: Elektrisiteit, <b>hernubare</b> elektrisiteit, hittenetwerk, stoomnetwerk, aardgas, biogas, diesel, biodiesel, stoom, industriële verhittingsolie</p> <p>Eenheid wissel afhangend van soort energie kWh/kg van voltooide produk l/kg van voltooide produk</p>	
<b>VERPAKKING</b>		
Land van verpakkingsproduksie		
Land waar die verpakking plaasvind		
Soort verpakking	Aluminiumblik, sak in kartondoos, glasbottel, drinkkartonhouer, PET-bottel, staansak, herwinde glas	
Volume	<b>Bv. 750 ml, 330 ml</b>	
Gewig van verpakking		Moontlikheid om verskillende vlakke van gedetailleerde aktiwiteitsdata te rapporteer. Die vereiste is om totale gewig te spesifiseer, maar dis ook moontlik om verslag te doen oor die individuele komponente en gewig per komponent.

Verantwoordelik Volhoubaarheid & Gesondheid	Resoluut en geldig vanaf 2025-03-10	Laas hersien 2025-03-28	Weergawenommer 1.1
---	--	----------------------------	-----------------------

Gewig van inhoud		Indien inligting nie beskikbaar is nie, is dit moontlik om verslag te doen oor die alkoholinhoud van die drankie.
<b>VERVOER</b>		
Begin- en eindbestemming		Moontlikheid om verskeie vervoerroetes, geassosieerde vervoermetodes en brandstof by te voeg.
Vervoermetode	Skip, vrugmotor, trein, vlug	
Afstand		
Brandstof	<p>Soort energie: Elektrisiteit, <b>hernubare</b> elektrisiteit, aardgas, biogas, diesel, biodiesel</p> <p>Eenheid wissel afhangend van soort energie kWh, kg, l</p>	

Verantwoordelik Volhoubaarheid & Gesondheid	Resoluut en geldig vanaf 2025-03-10	Laas hersien 2025-03-28	Weergawenommer 1.1
---	--	----------------------------	-----------------------